

Loring se 'Knights' trefseker

Knights of Music (Loring) The Lyric, Gold Reef City Thys Odendaal

Moeder Engeland klop nog ná al die dekades in Richard Loring se are en hy is 'n man wat wéét wat werk wáár en wanneer.

Daarom kan hy ná jare van sy groot Afrika-pantomime in die euforie-jare, *African Footprint*, sy lojaliteit terugskuif en nou hulde bring aan die Britse musiekante wat die afgelope anderhalf dekade deur Elizabeth II tot ridders geslaan is.

Op 'n ry: sir Cameron Macintosh, sir Tim Rice, sir Paul McCartney, sir Andrew Lloyd Webber, sir Elton John, sir Cliff Richard en dr. Brian May CBE.

Hulle, sê Loring, het mense se lewens verryk ... (soos ook hul bankbalanse).

Van hul musiek is indertyd in Suid-Afrika verbied. Lloyd Webber se *Jesus Christ Superstar* en ook sir Paul as lid van The Beatles, byvoorbeeld.

Aan Loring se netjiese, professionele opvoerings twyfel 'n mens nooit. Die seepgladde vertonings in die Sound Stage in Midrand bly altyd in herinnering.

So is sy *Knights of Music* net op 'n heelwat groter skaal as die soort restaurantteater wat hy oor soveel jare as deel van grootstad-vermaak aangebied het.

Hy het vier kranige sangers byeen gebring – Carly Graeme, wat haar in Engeland onderskei het; Tracey-Lee Oliver, wat op dié besondere aand haar ten beste laat geld het met 'n omvangryke en lenige, soepel stem; Zano Nzima, wat voornamlik beïndruk, maar effens verbeeldingloos in sy bewegings blyk te wees; en die rakker Shaun V, wat dalk hier sy beste werk tot nog toe op 'n verhoog lewer.

Daar is ook twee knap sangers, albei van die Tshwane-Universiteit vir Tegnologie se musiekteater-afdeling, wat hulle behoorlik laat geld in dié geselskap: Ruth Brown en die 22-jarige Kyle Matthews.

Die ervare Bryan Schimmel en Loring het die musiekverwerkings gedoen om by die rolbesetting aan te pas.

'n Baie bekwame orkes is onder leiding van die klavierspeler en musiekregisseur Rowan Bakker: 'n kordaat mannetjie vol energie.

Die vertoning is inderdaad seepglad: Geen onnodige geluier ná die luide ap-



Carly Graeme en Tracey-Lee Oliver in Richard Loring se jongste variété-program, *Knights of Music*.

plous nie. Die nommers volg vinnig op mekaar en wissel behendig tussen al die soorte musiek: van pop, rock en ballades tot oorwegend musiekspel-uittreksels.

The Beatles se treffers maak goeie stalmaats vir dié van sir Cliff Richard en Lloyd Webber se *The Phantom of the Opera*.

Die musiek is hier van belang, en 'n mens sal ver moet gaan soek vir 'n huldeblyk aan dié Engelse ridders wat jou van begin tot einde met soveel sjarme en durf bekoor.

■ Tot 8 November.

